

28 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 16:16-40
Fokusgedeelte: Psalm 50:14(a); Handeling 16:25
Lof as 'n offer aan God

Ons staan midde-in die feesjaar van die kerk. 150 jaar van genade. Terugkyk en raaksien hoe God in sy groot genade sorg. Kry Hy die lof wat Hom toekom? *Lof is die offer wat jy aan die Here moet bring* (Ps 50:4). Hoe moet ons lof lyk?

Vir Paulus en Silas was dit nie maklik in die tronk nie. Nadat hulle vals beskuldig is en aan die tronkowerheid oorgegee is, het hulle lyfstraf ontvang. Die opdrag om hulle streng te bewaak, is ernstig opgeneem en hulle is in die binneste sel geplaas met ekstra maatreëls van voetboeie en al. Die kanse om daar uit te kom, was – menslik gesproke – niks. Nie omstandighede waarin 'n mens gemaklik kan wees nie. Onregverdig veroordeel, seer geslaan, ongemaklik vasgeboei en diep binne die tronk.

Paulus en Silas se reaksie was nie om hulle te verkies oor hulle eie omstandighede nie. *Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing*. Dit wat hier gebeur, is die werklikheid van die Christelike ideaal van vreugde te midde van beproewing. (Rom 5:3 – “Ons verheug ons ook in swaarkry ...”; Jak 1:2 – “... julle moet bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom ...”)

Die inhoud van die gebede is nie aan ons bekend nie, maar dit is ook nie nodig om te weet wat hulle gebid nie. Wat ons moet weet, is hulle was “... *besig om te bid en tot lof van God te sing*” en “*die ander gevangenis het na hulle geluister.*” Kan ander mense in jou lewe die lof, wat jy aan God bring, sien?

Was die lof van Paulus en Silas aan God daarop gerig om hulle boeie te laat losgaan en die seldeure te laat oopgaan? Nee. Lof is ons offer aan God omdat Hy óns God is.

Sing: Psalm 105:1 (Totius-beryming)

Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)